

LEESSTUK 1**‘TSOTSI’**

Fugard het geweet TSOTSI is 'n wenner

1. Oeps, sê die man by wie *Tsotsi* eintlik begin het. Dis Dinsdagoggend en hy is half onkant betrap in 'n radio-onderhoud: Hy het nie na die TV-uitsending van die Oscar-toekennings gekyk nie.
2. Tot sy verleentheid, sê Athol Fugard aan John Perlman op SAFM se vroegoggendprogram, moet hy erken hy het na 'n Britse speurreeks gesit en kyk terwyl *Tsotsi* se vervaardiger, Gavin Hood, seëvierend, Oscar-beeldjie omhoog, “Viva Afrika!” skree.
3. Eintlik is hy nie in die gewoonte van TV kyk nie – het wel 'n hartstog vir die radio — sodat hy nie aan die Oscars gedink het toe hy Sondagaand die TV aanskakel nie. Maar elders het sy dogter en haar vriende gekyk en voor hulle begin feesvier, het hulle hom gebel.
4. Natuurlik het sy bykomende rede tot opwinding gehad, naas die patriotiese trots wat dese en gene ná die toekenning beetgepak het: *Tsotsi* se draaiboek, deur Hood self geskryf, is gegrond op haar pa se enigste roman, ook genoem *Tsotsi*, wat hy dertig jaar gelede geskryf het.
5. Hy kon weens siekte nie *Tsotsi* se aanvanklike uitreiking in Johannesburg bywoon nie, en Hood het spesiaal met 'n kopié van die rolprent na hom gereis en dit aan hom vertoon. Hy het “dadelik geweet dis 'n wenner”. “Maar selfs ek, wat ‘n aartsoptimis is, het nie vir 'n oomblik aan 'n Oscar gedink nie,” sê hy.
6. Wat die kyker ná die fliëk opval, is hoe dié verhaal van 'n wreedaardige jong bendelid en sy “verlossing”, sy sagwordproses (redemption) nadat hy 'n motor met 'n baba daarin gekaap het, dertig jaar ná dit geskryf is, nét so oorgeplaas kon word in die huidige Suid-Afrika.
7. Ja, sê Fugard, dis waar. Hy sien dit ook raak dat die hele donker prentjie van armoede en bendegegeweld—wat deel was van die Suid-Afrika van daardie jare—ook die verhaal van vandag se Suid-Afrika is. Die sentrale boodskap van die roman van destyds en nou weer in die fliëk is juis dié van verlossing, versoening en hoop—selfs in die gemoed van die geharde jong moordenaar Tsotsi kom daar 'n wending...
8. 'n Belangrike aspek van die fliëk, sê Fugard, is dat dit in 'n inheemse taal (Zoeloe, met 'n groot bymengsel tsotsitaal) is. Fugard wys daarop dat die neiging om Suid-Afrikaanse tale vir verhoogstukke en films te meng reeds 'n geruime tyd in gebruik is. 'n Soort neweproduk van *Tsotsi* vir Fugard was dat dit as't ware sy oor op kwaito ingestel het. Daardie eerste akkoorde van die klankbaan het hom regop laat sit en dadelik daarna kalahari.com laat opsoek om vir hom 'n paar CD's te bestel.
9. Altyd iets nuuts, selfs op 71...

[verwerk uit Rapport]

LEESSTUK 2

Djy sal net iet wat djy kry!

Christi Coetzee

**Diekie vannie Bo-Kaap
deur Zulfah Otto-Sallies,
uitgegee deur Tafelberg
(sagteband - 96 bladsye, R29,95)**

1. 'N LEKKER stukkie onverdunde Kaaps met kleurrike taal en raak sêgoed skets die milieu waarin Ice en Diekie se groot liefde afspeel. Dit is egter ook die storie van die ander "boys oppie hoek" - Jakes wat altyd "geroek" is, Rocky, die leier van die Charmers, Miles, Videokop en Giemba.
2. Dié jeugroman handel oor relevante sake soos seks en dagga waarmee tieners daaglik in aanraking kom. Waardes word op die harde manier geleer en 'n nag waarin 'n polisie-sirene loëi en metaal skeur, bring 'n keerpunt in die lewe van 'n hele

klomp mense in die Bo-Kaap.


3. Vir iemand wat nog nie aan die Bo-Kaap blootgestel was nie, mag die boek aanvanklik moeilik lees, omdat dit in die dialek van daardie mense geskryf is. Daarby word die leser ook bekendgestel aan spesifieke Moslemgebruike en woorde uit die Maleier-taal. (Die lys van verklarings agter in die boek help egter baie.)
4. Die skryfster, Zulfah Otto-Sallies, se vader was 'n lid van die Kaapse Maleier-koorraad en die Rangersingkoor. Sy moes vandat sy 13 was, inspring en Afrikaanse woorde skryf vir sy koor. Saam-saam het hulle so baie pryse gewen.
5. Die boek is aanvanklik as 'n musical geskryf en verklaar dit moontlik die baie dialoog wat die verhaal soms



- veral in die begin 'n bietjie laat trek. Dit lyk ook asof party karakters soms volgens die toneelaanwysings reageer.
6. Die wonderlike warm atmosfeer van vars koesters, bobotie, samosas en daltjies, asook die raak uitbeelding van die karakters, vergoed egter daarvoor.
7. Dis 'n verhaal vir jongmense, wat in hul eie taal hulle storie vertel.

[Uit: Vrydag]

LEESSTUK 3



[Uit: Spit and polish, *Sunday Times Magazine*, 11 Januarie 2004]

LEESSTUK 4**Tweed stokkiesdraaiers – Etienne van Heerden**

Op die dunwiel vir drie weke,
die flikkerweb van speke,
pedale wat stram teen bulte draai:
met fietse oor St. Lowry's na die Baai.

Lig klou soos klawer aan die fiets se speke,
helder naalde, son en teer stroboskoop,
teen Heidelberg se bulte moet ons afklim en loop.
Bult dein na bult, die dag raak verstreke

en teen 'n Griek se randsteen laat ons bene blaas.
Vlieë mor in die vuil kafee, teen die gaas
brom of lê al dood 'n bondel brommers.
In 'n rooi hokkie karring ons vergeefs bekende nommers...

Ons lê op nylon die dou se reuk en afwag,
skielik: die speldekussing van die nag.
By Swellendam, waar graan
geil oor die pram en boud van bulte staan

Is ons vir matriek en familie gans verlore;
ondergronds verbol en groen geblaar, twee varkore.
En by die bloekoms, net duskant Bontebok,
spook saans die speke, die kettings, die silwer kok

[Uit: *Versreise* deur A Vermaak et al]

(Twee matriekseuns het in November 1972 tydens 'n stokkiesdraai-fietstoer êrens naby Swellendam, op pad na Port-Elizabeth, spoorloos verdwyn)

Woordelys

Sir Lowry's: pas tussen Somerset-Wes en Grabouw
stroboskoop: instrument om rotasiesnelheid te meet d.m.v. flikkerlig
Heidelberg en Swellendam: dorpe op pad na die Baai
speldekussing: letterlik, 'n bekende blomplant van die Weskaap
varkore: soort lelie
Bontebok: Wildpark naby Swellendam
kok: tandrat van fiets se agterwiel

LEESSTUK 5**Eendag Dag Ek Ek Sien Bloed - Zirk van den Berg**

Ek het vir Japie Mostert brood skool toe gevat. Hulle het net sy pa se pensioen gehad om van te lewe. Die mense sê sy pa het aspris op die spoor gaan lê dat die trein sy bene aftrap.

Die Mosterts was 'n groot gesin. Ek weet nie mooi hoeveel nie, want party was al in die hoër skool en nog 'n paar by die huis. Japie het nooit oor hulle gepraat nie. Hy was 'n stil kind.

My pa sê Japie se pa was op sy dag 'n bokser wat 'n hou kon vat. Hy sê toe die ongeluk gebeur het, was Japie se pa al 'n bietjie oor die muur. Dis wat die mense laat praat het. Maar ek weet nie.

Al wat ek weet is dat Japie altyd honger was en ek het vir hom brood skool toe gebring. Hy was maer en hard en vol stukkende plekke, ook op sy gesig. Ons ander het hom heimlik bewonder en wou graag so taai wees soos hy.

Pouses het ons om hom gestaan en hom gevra om ons sy toertjie te wys. “Toe, Japie, wys!”

Dan het Japie na my gekyk en ek het vir hom geknik en hy het sy toertjie gedoen.

Ons het so 'n entjie van hom af weggestaan. Japie het na die grond gekyk en die grootste klippe uit die pad geskop. Sodra die gruis redelik gelyk was, het hy eenkant gaan staan, kiertsregop met sy hande styf langs sy sye. Ons het hom met groot oë dopgehou. Japie het stadig vooroor begin hel, sy lyf reguit en sy vuiste langs sy broeksakke geklem. Die eerste entjie gaan dit stadig. Sy hakke lig op totdat net sy nerf-af skoenpunte grond raak. Dan tel sy lyf vinnig spoed op en hy tref die grond met 'n dowwe slag, gesig in die gruis.

'n Gejuig bars los. Japie rol om en steek sy hand uit om die toebroodjie by my te vat.

[Uit: *Reënboog* deur J.P. en R. Smuts]